Glo buite die boks maar binne die BYBEL

OT lesse jnr jeug

moreleta kerk

LES #1

DIE SKEPPING



GENESIS 1 & 2

Genesis 1:27 - God het toe die mens gemaak om in sy plek te regeer. Hy het die mens gemaak om in sy plek hoof te wees. Hy het die mense so gemaak dat daar mans en vroue is.

Kyk wat het God gemaak!



KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS

- Hoe dink jy het God gevoel toe Hy die wêreld gemaak het?
- Wat is jou gunsteling dier wat God geskape het?
- Dink jy ons kyk mooi na die wêreld wat God vir ons gemaak het?

IN MY BOKS

God het die wêreld en alles daarin gemaak, en dit is goed.
Daarom moet ons mooi daarna kyk!

BYBEL BYT



God het alles in ses dae geskep en op die sewende dag het Hy gerus.



GESPREKSBLAD

Wat is jou gunsteling dinge van God se skepping?
Teken dit hier.



Wat het God op elke dag gemaak?

2 3 4 5 6 7

DAE VAN DIE SKEPPING



LES #2

ADAM & EVA



GENESIS 2 & 3

Genesis 2:16-17
Die Here God het vir die mens gesê: "Jy mag van al die vrugte in die tuin eet, maar een boom se vrugte mag jy nie eet nie. Dit is die boom wat jou kan help om te weet wat goed is en wat sleg is.

Maar hulle was ongehoorsaam!



God het vir Adam en Eva **een reël** gegee: Hulle kon van enige boom behalwe hierdie een eet. Die **slang het Eva versoek** deur God se woorde te verdraai en te lieg en te sê, "Jy sal nie sterf nie... jy sal soos God wees."
Eva het na die vrug gekyk, dit as aanloklik beskou en dit **geëet**! Sy het dit toe vir **Adam gegee**, wat dit ook geëet het. Adam en Eva het **skaam gekry**. Hulle het agter 'n boom **weggekruip** toe God hulle geroep het. Hulle moes die **tuin verlaat**, maar God het selfs in hierdie storie belowe om 'n **Verlosser (Jesus) te stuur** om reg te maak wat sonde gebreek het.

KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS



- Hoe dink jy het die tuin van Eden gelyk?
- Waarom dink jy het Adam en Eva gekies om ongehoorsaam aan God te wees?
- Hoe kan ons gehoorsaam aan God wees?

BYBEL BYT

Die Bybel praat nie van 'n appel nie, dit praat van 'n vrug!



IN MY BOKS

As ons ongehoorsaam is, maak dit God hartseer...

GESPREKSBLAD

Verbind die prentjies sodat dit die regte volgorde voorstel!


1


2

3

4

5





MAAR DIE HERE GOD HET NA DIE MENS GEROEP, "WAAR IS JY?"

GENESIS 3:9

LES #3
KAIN EN ABEL



GENESIS 4:3-8

3 Eendag het Kain van sy koring geneem en hy het 'n offer vir die Here gebring.
4 Abel het ook 'n offer vir die Here gebring. Hy het die eerste lammers vir die Here gegee en die lammers se vet ge-offer. Die Here was tevrede met Abel en sy offer. 5 Maar die Here was nie tevrede met Kain en sy offer nie. Kain het toe baie kwaad geword en sy mond was dik.
6 Die Here vra toe vir Kain: "Hoekom is jy kwaad en hoekom is jou mond dik? 7As jy doen wat reg is, dan sal jy gelukkig wees. Maar as jy doen wat verkeerd is, dan doen jy sonde. Die sonde is altyd naby jou en wil jou vang, maar jy moet die sonde oorwin."
8 Kain het vir sy broer Abel gesê: "Kom ons gaan veld toe."
Toe hulle in die veld was, het Kain sy broer Abel vermoor.









Adam en Eva het twee seuns gehad: Kain en Abel. Kain het 'n boer geword en gewasse gegroei om te eet. Abel, die tweede boetie, het 'n herder geword en na die diere omgesien. Kain en Abel het vir God geskenke gebring, maar Kain se hart was anders. Hy wou nie die groente wat hy so hard aan gewerk het om te groei, weggee nie! God was tevrede met Abel, maar nie met Kain nie. Kain het kwaad en jaloers geword. Hy het sy broer doodgemaak



KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS

- Hoekom was God nie tevrede met Kain se offer nie?
- Dink aan 'n keer wat jy jaloers op iets/iemand was? Deel met die groep.
- Hoe kan ons in liefde teenoor mekaar optree?

BYBEL BYT

Wat is die eerste werk wat ooit bestaan het?
'n Boer!




IN MY BOKS

Moenie jaloers wees op ander nie! Tree in liefde teenoor mense op.

GESPREKSBLAD

Kain was ‘n boer. Hy het  **gesaai en dit as ‘n offergawe**


gebring. Abel was ‘n herder wat  **opgepas het.**

Abel het sy beste kleinvee aan God gebring! God was

tevrede met Abel se offer, maar nie met Kain se offer nie!

Kain was baie  **hieroor gewees en baie**  **op**

sy broer, Abel! Hy het vir Abel  **toe gevat**

en hom  **Kain het nie in**  **opgetree nie!**

Wanneer het jy in liefde teenoor iemand opgetree? 





VIND DIE 7 VERSKILLE





LES #5

DIE TORING VAN BABEL



GENESIS 11:1-9

1 Al die mense op die aarde het dieselfde taal gepraat en dieselfde woorde gebruik.

4 Hulle sê toe: "Kom ons bou vir ons 'n stad en 'n baie hoë toring. Die punt van die toring moet aan die hemel raak.

7 Kom Ons gaan af daarnatoe en maak hulle taal deurmekaar, sodat hulle mekaar nie kan verstaan nie."

Die mense het slegte trots gehad!




Die mense na Noag het nie na God geluister nie. Die mense het **trots** geword. Hulle wou **beroemd** wees. Hulle het beplan om 'n **groot toring** te **bou** sodat almal sou weet hoe groot hulle was. Hulle het hard gewerk. Die toring het langer en langer geword. Hulle was **baie tevrede met hul werk**, maar **God was bekommerd** oor hulle trots. God het hulle **taal gemeng** sodat hulle mekaar nie kon verstaan nie. Dit het gelyk asof hulle gebabbel het. Hulle kon nie saamwerk nie. Dit was die **begin van die verskillende tale!** Die mense het opgehou om saam te werk. God het hulle uit hulle trotse natuur gered. Die mense het **God begin gehoorsaam** en Sy woord regoor die wêreld versprei. **Hulle het geleer dat God die grootste is!**

KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS

- Hoeveel tale kan jy praat? Watter taal sal jy wil leer om te praat?
- Hoe dink jy het die mense gevoel toe hulle mekaar nie kon verstaan nie?
- Hoe kan ons saamwerk sodat ons iets kan bereik?

BYBEL BYT

Daar is 7100 verskillende tale in die wêreld...




IN MY BOKS


Kommunikasie is baie belangrik. As ons iets wil bereik moet ons saamwerk en nie te trots wees nie! Niks is groter as God nie.

GESPREKSBLAD

Kom ons leer hoe om mekaar in verskillende tale te groet!



WERK NOU SAAM AS 'N GROEP OM 'N HOË TORING TE BOU. ONTHOU OM TE KOMMUNIKEER EN NIE TE TROTS TE WEES NIE!



LES #6

ABRAHAM EN SARA SE BELOOFDE SEUN, ISAK.



GENESIS 21

Isak word gebore
1 Die Here het aan Sara gedink en Hy het vir haar gedoen
wat Hy belowe het. 2Sara het swanger geword en sy het
vir Abraham 'n seun gekry toe hy al oud was. Sy het die
seun gekry op die tyd wat God gesê het dit sal gebeur.

God hou altyd sy beloftes!

Abraham en Sara het **lank gewag vir 'n seun**. Elke aand sou hulle na die sterre in die lug kyk en God se **belofte** onthou. **"Jou afstammelinge sal so baie soos die sterre wees."** Maar nou het selfs een kind onmoontlik gelyk. Abraham en Sara was te oud. Eendag was Abraham verras deur drie mans wat naby hom gestaan het. Een van die mans het gevra, "Waar is jou vrou Sara?" "Ek sal volgende jaar na jou terugkeer, en jou vrou Sara sal 'n seun hê." Sara het die man uit haar tent gehoor. Toe sy die man hoor, het sy vir hom gelag. Die man het gevra,"Hoekom het Sara gelag? **Is daar enigiets te moeilik vir die Here?**" Abraham en Sara het hulle **beloofde seun gehad**. Hulle het hom **Isak** genoem! **God** het Sy **belofte aan Abraham en Sara gehou**. Niks is onmoontlik vir God nie. Abraham en Sara het Isak lief gehad en hom alles geleer wat God gedoen en belowe het.

KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS

- Het jy al ooit 'n belofte aan iemand gemaak? Het jy dit gehou?
- Dink jy Abraham en Sara het gedink dat dit moontlik is om 'n kind op hul ouderdom te kry?
- Hoe dink jy het Sara en Abraham gevoel toe Isak gebore is?



BYBEL BYT

Abraham was 'n 100 jaar oud gewees toe sy seun Isak gebore is.

IN MY BOKS

God hou altyd Sy beloftes, al lyk dit vir ons onmoontlik!

GESPREKSBLAD

Teken nog bakstene by die prentjie en skryf beloftes van God in die bakstene.



GOD BELOWE

"Ek het goeie planne vir jou." - Jeremia 29:11

"Ek sal jou rus gee." - Mattheus 11:28

"Ek sal jou nooit verlaat nie." - Hebreërs 13:5

"Moenie bang wees nie, want Ek is met jou." - Jesaja 43:5



Is enigiets te moeilik vir God?

Genesis 18:14

LES #7

ISAK TROU MET REBEKKA



GENESIS 24

Genesis 24:67
Daarna het Isak Rebekka na sy ma se tent gebring en sy het sy vrou geword. Hy was baie lief vir haar en sy was vir hom 'n groot troos ná die dood van sy ma.

Abraham het vir sy seun Isak 'n vrou gesoek. Abraham was al oud, en hy het sy dienaar gestuur om na sy familie in 'n ander land te gaan om 'n vrou vir Isak te kry. Die dienaar het gebid dat God vir hom die regte meisie sou wys. Hy het gesê: "As ek by 'n waterput kom, en die meisie vir my water bring en ook vir my kamele, dan sal sy die regte een wees."
Toe die dienaar by die waterput aankom, het hy Rebekka gesien. Sy het die water vir hom en sy kamele gebring, net soos hy gebid het. Die dienaar het geweet dit was die teken van God, en hy het Rebekka se familie gevra of sy met hom na Isak wou gaan, om met hom te trou. Rebekka het ja gesê, en sy het met die dienaar na Isak toe gegaan. Toe Isak haar sien, was hy baie bly en hulle het getrou!




HIERDIE VERHAAL WYS DAT GOD VIR ONS BEHOEFTES SORG EN DAT ONS HOM KAN VERTROU WANNEER ONS BELANGRIKE BESLUITE NEEM.

KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS



- Moes jy al 'n belangrike besluit neem? Vertel hiervan.
- Het jy geweet dat jy God kan vra om jou met belangrike besluite te help?
- Hoe kan jy vir God vra om jou met 'n groot besluit te help?
- Waarom dink jy het God vir Isak en Rebekka bymekaar gebring?



BYBEL BYT


Rebekka het 'n neusring gedra.

IN MY BOKS

God se leiding is belangrik! Moenie bang wees om God te vra om jou met besluite te help nie.

GESPREKSBLAD

Vul die woorde in om die <u>versteekte woord</u> te vind!



1. Water
2. Dienaar
3. Abraham
4. Meisie
5. Werk
6. Kamele
7. Gaan


Versteekte woord: _____



MAAK JOU EIE GEBEDSEMMER!

Sodat jy God kan vra om jou te help om belangrike besluite te neem.

Hoe om dit te maak?
1. Kleur die prent in en knip versigtig uit.
2. Vou langs die lyne en plak flappe om die gebedsemmer te vorm.
3. Skryf/teken jou gebede op ‘n stukkie papier en plaas dit in jou emmer.



LES #8

JAKOB EN ESAU DIE TWEELING



GENESIS 25-27

Genesis 25:23
Die Here het vir haar gesê:
"Die twee kinders in jou
sal mekaar se vyande word.
Hulle sal twee volke word.
Die een volk sal sterker wees
as die ander volk,
en die oudste
sal die jongste dien."



Isak en Rebekka het twee seuns gehad: **Jakob en Esau**. Hulle was **tweelingbroers**, maar **Esau is eerste gebore**. Esau was 'n sterk jagter en Jakob het daarvan gehou om by die huis te bly.
Eendag was **Esau baie honger** nadat hy gejag het. **Jakob** het **sop gekook**, en Esau het hom gesmeek vir 'n bietjie kos. Jakob het gesê: "Ek sal vir jou kos gee as jy jou eersgeboortereg aan my verkoop." **Esau** was **só honger** dat hy **ingestem** het!
Later, toe **Isak** oud en amper blind was, wou hy sy **seën oor Esau uitspreek.** Maar **Rebekka het vir Jakob gehelp** om hom **voor te doen as Esau**. Isak het Jakob gesien – of liewer, gevoel – en het gedink dis Esau. **So het Isak die seën aan Jakob gegee.**
Toe Esau uitvind, was hy baie hartseer en kwaad. Maar die seën kon nie teruggevat word nie.

BYBEL BYT

Jakob het by geboorte aan Esau se hakskeen vasgehou!



KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS


- Was jy al so honger dat jy enige iets sou ruil vir iets lekker om te eet?
- Dink jy dis belangrik om jou boeties en sussies te help en te ondersteun?
- As jy sien dat twee mense in jou familie stry, hoe kan jy help om vrede te bring?
- Wat het vir jou van hierdie verhaal uitgestaan?

IN MY BOKS

God wil hê ons moet eerlik en opreg met ons familie wees, nie mekaar bedrieg nie! So, behandel mekaar met liefde en respek.


GESPREKSBLAD

Watter dinge wil God hê moet in ons harte woon? Teken dit hier.



Maak ’n rooi kruisie deur die woorde wat nie in ons harte hoort nie!

liefde ❤️	vergifnis 🌈	trots 😤	vriendelikheid 😋
jaloesie 😠	respek 🙌	geduld ⏳	vrede 🕊️
eerlikheid 🤝	woede 🔥	leuens ❌	ongeduld 🧎‍♂️



Jakob het ‘n valse baard gemaak om sy pa te bedrieg. Doen nou dieselfde met stukkies papiere.



LES #9

JAKOB DROOM BY BET-EL



GENESIS 28:10-22

Genesis 28:22
Jakob sê: "Die klip wat ek hier regop gesit het en wat soos 'n pilaar lyk, sal 'n simbool van die Here se teenwoordigheid wees. En, Here, van alles wat U my gee, sal ek 'n tiende aan U teruggee."



Jakob moes uit sy huis vlug omdat hy sy broer Esau se seën weggeneem het en Esau baie kwaad was. Jakob het 'n klip as 'n kussing gebruik en aan die slaap geraak, op die plek waar hy oornag het. Wat 'n **droom** het hy nie gehad nie! Daar was 'n **baie lang leer**, van die grond tot bo by die hemel. Die **engele van God** het **op en af** met die leer geklim. Skielik het die Here daar by hom gestaan en met hom gepraat: "Jakob, Ek is die Here, die God van jou oupa Abraham en jou pa, Isak. Die grond waarop jy nou lê en slaap, sal Ek eendag vir jou en jou nageslag gee. **Jou nageslag sal so ontelbaar wees** soos die **stof van die aarde**. Hulle sal ook oral oor die aarde wees. Oor die hele wêreld sal dit met mense goed gaan omdat hulle deel van jou en jou nageslag is. Onthou een ding, Jakob: Ek is by jou. Ek gaan saam met jou waar jy ook al gaan. Ek sal jou nie los voordat Ek al my **beloftes** aan jou waar gemaak het nie."

KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS

- Mag ons beloftes aan God maak?
- Het jy geweet dat God se engele ons beskerm? Hoe laat dit jou voel?
- Glo jy dat die hemel bestaan? Hoe dink jy lyk die hemel?
- Het God al 'n belofte aan jou gemaak?

BYBEL BYT

Bet-El is Hebreeus en beteken "Huis van God.".

IN MY BOKS

God hou altyd Sy beloftes, al lyk dit vir ons onmoontlik!


GESPREKSBLAD

	Waar	Vals
Jakob het van sy broer Esau af weggehardloop.		
Jakob het 'n klip vir 'n kussing gebruik toe hy geslaap het.		
Jakob het gedroom van 'n leer wat tot by die hemel reik.		
Skape het in Jakob se droom op en af met die leer gegaan.		
God het in sy droom met Jakob gepraat.		
Jakob het nie na die droom 'n belofte aan God gemaak nie.		
God het aan Jakob belowe dat sy gesin so klein soos 'n bietjie stof sou wees.		
Jakob het na sy droom 'n klip as monument opgerig.		
Jakob het die plek van sy droom "Bet-El" genoem, wat "Huis van God" beteken.		

Teken hier 'n droom wat jy al gehad het!



TEKEN ENGELE WAT OP EN AF BY DIE LEER BEWEEG...



LES #10

JAKOB TROU MET LEA EN RAGEL



GENESIS 29 & 30

Genesis 29:20
"So werk Jakob sewe jaar vir Rachel, en hulle het vir hom in sy oë net soos 'n paar dae gelyk, omdat hy haar liefgehad het."



Twee Troues

Jakob het by sy oom Laban gaan bly. Daar het hy vir Ragel gesien – en hy was halsoorkop verlief op haar! Hy het vir Laban gevra of hy met Ragel mag trou. Laban het gesê: "Jy moet eers 7 jaar lank vir my werk." Jakob het hard gewerk, want hy het vir Ragel baie liefgehad. Ná 7 jaar het daar 'n troue gekom... maar toe Jakob wakker word, was dit nie Ragel nie – dit was Lea! Sy was Ragel se ouer suster. Laban het hom bedrieg. Jakob was hartseer, maar hy het Ragel só baie liefgehad dat hy nog 7 jaar gewerk het om ook met haar te trou. Later het Lea 10 seuns gehad en Ragel het net 2 gehad – maar God het albei gesien en liefgehad.

IN MY BOKS

Wees geduldig en getrou in jou verhoudings, al is die pad soms moeilik. God se planne is altyd goed, selfs wanneer dinge nie uitwerk soos ons dit beplan nie.

BYBEL BYT

12

Jakob het 12 seuns gehad en uit hulle het die 12 stamme van God se volk, Israel, ontstaan.


KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS

- Kan jy 'n keer onthou toe jy lank vir iets spesiaals moes wag? Hoe het jy gevoel terwyl jy gewag het?
- Het iemand al ooit vir jou gelieg? Hoe het dit jou laat voel?
- Hoe kan ons geduldig en getrou in ons verhoudings wees?
- Waarvoor sal jy bereid wees om so lank voor te wag?


GESPREKSBLAD

Ontmoet Jakob se 12 seuns

Oefen om hulle name te skryf . Uitdaging: Kyk hoeveel name jy kan memoriseer!



Ruben **Simeon** **Levi** **Juda** **Issaskar** **Sebulon**



Dan **Naftali** **Gad** **Asser** **Josef** **Benjamin**



Lea en Ragel

LES #11

JOSEF SE DROOM!

GENESIS 37



Genesis 37:6-8
Josef: "Ek het gedroom dat ons besig was om koring-gerwe vas te bind op die koringland. My gerf het regop gaan staan, en julle gerwe kom staan toe rondom my gerf en buig voor hom."
Sy broers sê toe vir hom: "Dink jy regtig jy sal koning word en oor ons regeer?" Hulle het hom nog meer gehaat oor die droom waarvan hy hulle vertel het.

Maar toe begin Josef se nagmerrie!

Josef was sy pa se **gunsteling seun** gewees, en hy het hom voorgetrek. Hy het 'n baie duur en **kleurvolle jas** gekry, maar sy broers het nie mooi jasse gekry nie. Hulle was baie **jaloers** op hom. Hulle het ook gedink dat Josef hoogmoedig was omdat hy drome gekry het waar hy **eendag 'n Koning** sou wees. Toe Josef eendag na die veld toe gegaan het, het sy broers hom in 'n put gegooi en daarna **verkoop as 'n slaaf!** Josef se broers het toe vir hulle pa gelieg en gesê dat 'n wilde dier hom doodgemaak het. Josef is toe **Egipte** toe en verkoop aan 'n ryk en belangrike man met die naam Potifar. Daar het Josef hard gewerk.

KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS

- Hoe laat dit jou voel as iemand anders voorgetrek word?
- Was jy al ooit in jou lewe jaloers op iemand anders gewees?
- Dink jy Josef was bang en hartseer gewees omdat sy boeties hom verraai het?




BYBEL BYT

Josef se broers het hom verkoop vir 20 stukke silwer.

IN MY BOKS

Ons moet nie jaloers wees op mekaar nie, ons moet goeie dinge gun vir ander.

KNIP UIT DIE PRENTJIES EN PLAK IN VOLGORDE





HET JY 'N TOEKOMS DROOM? WAT WIL JY WEES AS JY EENDAG GROOTWORD? TEKEN DIT HIER.

LES #12

JOSEF VERSTAAN DROME...



GENESIS 39 & 40

Genesis 40:8
Hulle (die skinker en die bakker) het vir hom gesê: "Ons altwee het gedroom, en daar is niemand wat vir ons kan sê wat ons drome beteken nie."
Josef het vir hulle gesê: "Net God kan sê wat drome beteken. Vertel vir my wat julle gedroom het."

Josef beland in die tronk

Josef het gewerk in Potifar se huis. Hy was baie betroubaar. Eendag het Potifar se vrou leuens oor Josef vertel en toe beland hy in die tronk. Josef was baie hartseer gewees omdat hy niks verkeerd gedoen het nie.
Maar daar in die tronk het hy die skinker en die bakker van die Farao ontmoet wat ook in die tronk beland het. Hulle het snaakse drome gedroom maar Josef kon vir hulle presies sê wat elke droom beteken het, want God het Josef die gawe gegee om drome te verstaan!
Als wat Josef gesê het, het toe waar geword!

KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS

- Was jy al ooit van iets beskuldig wat jy nie gedoen het nie?
- Het jy al ooit 'n snaakse droom gehad wat nie sin gemaak het nie?
- Kan God met ons praat deur drome? Hoe praat God nog met ons?



BYBEL BYT


Josef was langer as 2 jaar in die tronk gewees, al was hy onskuldig.


IN MY BOKS


Ons het elkeen 'n gawe wat God ons gee. Josef kon drome verstaan. Ons moet leer wat ons gawes is.

Josef verduidelik die droom:
Oor 3 dae sal die farao aan jou dink en hy sal jou werk vir jou teruggee. Jy sal weer die farao se wynskinker wees.

Die Skinker se droom:
"Ek het gedroom van 'n wingerdstok met 3 takke. Die takke het toe druiwe gekry. Ek het die druiwe gevat, die sap uitgedruk in die farao se beker, en dit vir hom gegee."
Gen 40:9-11








Genesis 40
vers 9 tot 19

Josef verduidelik die droom:
Die 3 mandjies beteken drie dae. Oor drie dae sal die farao aan jou dink. Hy sal jou uit die tronk laat kom en hy sal jou doodmaak.
Gen 40:19

Die bakker se droom:
Daar was drie mandjies op my kop. In die een mandjie was daar lekker gebakte kos vir die farao. Maar die voëls het die kos uit die mandjie opgevreet ."
Gen 40:17

God praat deur drome!

Hoe praat God nog met ons?



AF:

1. Bybel
2. gebed
4. natuur

DWARS:

3. wonderwerke
5. mense

LES #13

JOSEF SE DROOM WORD WAAR.



GENESIS 42 TOT 45

Genesis 45:8
Dit was nie júlle wat my hiernatoe laat kom het nie, dit was Gód. Hy het my gekies om vir die farao te sê wat hy moet doen. Ek is ook die hoof van die farao se hele huis, en die hoof oor die hele Egipte.



Josef vergewe sy boeties

Nadat Josef in **Egipte** die tweede in bevel geword het, het daar 'n **hongersnood** gekom, en sy broers, wat nie geweet het dat Josef nog lewe nie, het na Egipte gegaan om kos te koop. Josef herken hulle, maar hulle herken hom nie. Josef besluit om hulle te toets. Hy sê hulle moet hulle jongste broer, Benjamin, bring as bewys dat hulle eerlike mans is, en hy gee vir hulle kos. Die broers gaan huis toe, maar toe hulle weer vir kos kom, sit Josef 'n **beker** in Benjamin se sak. Hy sê dat die een wat die beker gehad het, in die tronk sal moet bly. Dit was Benjamin. Die broers is baie **hartseer**, en Juda pleit vir Benjamin se vrylating, want hy weet hoe hartseer **sy vader**, Jakob, sal wees as hy weer een van sy seuns verloor. Toe Josef sien hoe hulle verander het, en hoe jammer hulle is, het hy die waarheid gepraat. Hy sê: **"Ek is Josef, julle broer!** Moet nie bang wees nie. God het alles so beplan om julle te red." Josef **vergewe** sy broers vir wat hulle hom aangedoen het, en hy stuur hulle om vir sy pa, Jakob, na Egipte te bring. Jakob is opgewonde om sy seun weer te sien, en die hele gesin kom na Egipte om by Josef te woon.



KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS

- Moes jy al iemand vergewe vir iets wat hulle aan jou gedoen het?
- Moes iemand al jou vergewe vir iets wat jy aan hulle gedoen het?
- Dink jy dit was moeilik vir Josef om sy boeties te vergewe na alles?>




BYBEL BYT

Volgens die Bybel moet ons mekaar vergewe soos God ons vergewe het.


IN MY BOKS

God het 'n groter plan met jou lewe as wat jy dink!

Hoe het Josef se broers gevoel toe hulle sy droom hoor




Hoe het Josef se broers gevoel toe hulle pa uitvind dat Josef dood is



Hoe het Josef se broers gevoel toe daar hongersnood was?



Hoe het almal gevoel toe die familie weer bymekaar was?



HELP JOSEF OM VREDE TE MAAK MET SY BROERS



Help Josef om die pad te vind na sy broers toe. Moenie die pad volg na slawerny of na die tronk toe nie!

LES #14

BABA MOSES

EKSODUS 2



Eksodus 2:10
Die farao se dogter het hom aangeneem, en hy het haar seun geword. Sy het hom Moses genoem. Sy het gesê: "Ek het hom uit die water gehaal."

Moses word gered deur 'n Prinses

Toe Moses 'n **baba** was, was sy mense baie bang vir die farao. Die Farao wou ontslae raak van al die klein seuntjies. Moses se ma was baie bekommerd, sy wou nie hê dat Moses seergemaak moes word nie. Sy het 'n klein **mandjie** gemaak en dit waterdig gemaak met klei en teer. Daarna het sy Moses in die mandjie gesit en dit in die **rivier** gesit. Sy suster, Miriam, het hom gevolg en gekyk wat met hom gebeur. Die **farao se dogter**, wat 'n prinses was, het die mandjie in die water sien dryf. Toe sy die mandjie oopmaak, het sy die klein baba gesien. Sy het hom **jammer gekry** en gesê: "Hierdie baba moet ek grootmaak." **Miriam** het toe vir die prinses gesê daar is iemand wat die baba kan help. Die prinses het Moses se ma genooi om na hom om te sien en sy kon Moses self grootmaak. Moses het toe later in die **huis van die Koning** grootgeword.

IN MY BOKS

God beskerm ons selfs wanneer ons baie klein is.



BYBEL BYT



Die Nylrivier het klomp gevaarlike diere soos krokodille, seekoeie en likkewane.

KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS

- Dink jy Moses se mamma en sussie was bang dat Moses iets sou oorkom ?
- Was jy al ooit in jou lewe bang gewees? Hoe het God jou beskerm?

BENOEM DIE DIERE



1 .....

2 .....

3 .....

4 .....

5 .....

6 .....



LES #15

MOSES WORD GEROEP

EKSODUS 3



Eksodus 3:12
Maar God het gesê: Ek sal vir jou 'n teken gee om te bewys dat Ek jou gestuur het

God gebruik Moses se gehoorsaamheid

Toe Moses grootgeword het, het hy weggetrek uit Egipte uit. Hy het in die berge gaan woon en getrou met Sippora. Terwyl hy sy skoonpa se skape opgepas het, sien hy 'n baie vreemde ding: 'n **bos wat brand**, maar die bos brand nie op nie! Dit was **God** wat met Moses **praat**. God het vir Moses gesê dat Hy hom gaan gebruik om sy mense, die **Israeliete**, uit Egipte **te red**. Moses was bang en het gesê hy kan dit nie doen nie, maar God het hom belowe dat Hy by hom sal wees en hom al die regte woorde sal gee. Moses was gehoorsaam en het gedoen wat God gevra het, en God het hom gehelp om sy volk te **bevry**.



BYBEL BYT

Die bos wat nie uitgebrand het nie, was 'n wonderwerk

WANNEER GOD JOU ROEP OM IETS TE DOEN SAL HY JOU ALS GEE WAT JY NODIG HET OM DIT TE DOEN

KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS

- Moses kon God se stem hoor deur die bos wat gebrand het, hoe kan ons God se stem hoor?
- God gee vir Moses 'n belofte, wat belowe Hy?

Memoriseer die versie

Eksodus 3:12

Maar God het gesê:

“Ek sal by jou wees”



LES #16

GOD GEBRUIK MOSES

EKSODUS 7:14 – 12:30
GOD WYS DAT HY IN BEHEER IS!

Die Israeliete was slawe in Egipte. Hulle het swaar gewerk en die farao wou hulle nie laat gaan nie. God het vir Moses gestuur om vir die farao te sê: "Laat my volk gaan!" Maar die farao het sy hart verhard en geweier. Daarom het God plae oor Egipte gestuur om te wys dat Hy die ware God is.

Eers het die water van die Nyl in bloed verander. Toe kon mense nie water drink nie. Daarna het paddas oral ingekruip! Toe kom muskiete wat mense en diere byt, en later vlieë wat alles vuil gemaak het. Farao het gesê hy sal die volk laat gaan, maar elke keer het hy sy belofte gebreek.

Toe het die Egiptiese vee siek geword en gesterf, mense en diere het seer swere gekry, en groot hael het van die hemel afgekom en die lande verwoes. Toe het sprinkane gekom en alles opgeëet wat oor was. Daarna het 'n donkerte drie dae lank oor Egipte gelê. Maar steeds wou farao nie luister nie.

Die laaste plaag
was die swaarste en seerste. God het gesê die oudste seun in elke Egiptiese huis sou sterf. Maar Hy het vir die Israeliete 'n spesiale opdrag gegee: hulle moes die bloed van 'n lam aan hul deure smeer. Dan sou die doodsengel nie naby daardie seuns kom nie. Daardie nag het die plaag gebeur. Die Egiptenare het gehuil, maar by die Israeliete was almal veilig. Farao het toe uiteindelik gesê: "Gaan!" En so het God sy volk uit Egipte bevry

KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS

1. Watter een van die tien plae sou vir jou die bangste of die aakligste gewees het? Hoekom?
2. Hoe het God gewys dat Hy vir die Israeliete omgee, selfs al was dit so moeilik in Egipte?
3. Wat het die Israeliete gedoen om veilig te wees tydens die laaste plaag (die Paasfees)?



KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS

God is ALMAGTIG en HY HOU SY BELOFTES! Hy is sterker as enige probleem wat ons mag hê. Wanneer ons na God luister en Hom gehoorsaam, beskerm Hy ons en maak Hy 'n pad vir ons, selfs al lyk dit hoe onmoontlik. Ons kan altyd op God vertrou!

1. Elke plaag wat God gestuur het, was spesifiek gerig teen 'n Egiptiese god wat Farao en sy mense aanbid het. God het gewys Hy is die enigste ware God!
2. Die Paasfees wat God vir die Israeliete gegee het, is vandag nog 'n belangrike fees vir Joodse mense. Dit herinner hulle daaraan hoe God hulle uit Egipte gered het.
3. Die lammetjie wat die Israeliete moes slag en waarvan hulle die bloed aan die deur gesmeer het, is 'n vooruitwysing na Jesus. Jesus is soos ons Paaslam wat gesterf het om ons van ons sonde te red!

DIE 10 PLAE

Water verander in bloed

Paddas oor die land

Muggies

Steekvlieë

doodgaan van die varke

Sere op mense en diere


Haelstorm

Sprinkane

Duisternis vir drie dae

Dood van die eersgeborene

NOMMER DIE 10 PLAE IN DIE REGTE VOLGORDE



LES #17

MOSES LEI DIE ISRAELIETE



Eksodus 14: 13 -14
"Moenie bang wees nie. Staan net daar waar julle is en kyk hoe die Here julle vandag red. Wag en kyk! Die Here sal in julle plek veg."

God Red Sy Volk

God het Moses, gekies om Sy volk uit Egipte te lei, weg van die bose Farao.
Na baie wonderwerke het Farao uiteindelik ingestem dat die Israeliete kon gaan. Hulle was so bly! Hulle het al hul goedjies gepak en begin loop, op pad na 'n nuwe land wat God vir hulle beloof het. Maar Farao het toe besluit om hulle agterna te sit en dood te maak. Hy was kwaad gewees! Hy het sy groot leër van soldate en baie strydwaens, met perde wat vinnig kon hardloop, agter die Israeliete aan gestuur. Die Israeliete het geloop en geloop, en toe hulle opkyk, was daar die Rietsee voor hulle gewees. Hulle kon nie oor die water loop nie! En toe hulle omdraai, sien hulle Farao se leër in die verte aankom! Hulle was vasgekeer! Die mense was baie bang. "Moses!" het hulle geskreeu. "Wat gaan nou met ons gebeur? Ons is vasgevang! Die soldate gaan ons vang!"
Maar Moses het gesê: "Moenie bang wees nie! Bly net staan en kyk hoe die Here julle vandag sal red. Die Here sal vir ons baklei!" [Eksodus 14:13-14]
Toe het God vir Moses gesê: "Tel jou staf op en steek jou hand oor die see uit. Die water sal oopgaan sodat die Israeliete op droë grond kan deurloop!" En dit is presies wat Moses gedoen het. 'n Groot wind het begin waai, en die water het links en regs oopgegaan! Dit het soos 'n groot muur van water aan elke kant gestaan, en tussenin was die grond droog en hard. Die Israeliete kon nou regdeur die see loop! Al die God se mense, het deur die see getrek. Toe Farao se leër by die see kom, het hulle agterna gejaag, reg in die see in, tussen die watermure. Maar God wou Sy mense beskerm. Toe die Israeliete veilig aan die ander kant was, het God vir Moses gesê: "Steek jou hand weer oor die see uit." Moses het so gemaak, en die mure van water het teruggeval! Die see het weer toegemaak, en Farao se strydwaens en sy hele leër is deur die water toegevou. Die Israeliete was veilig! Hulle het gesing en gedans en God geprys, want hulle het gesien hoe magtig en liefdevol God is.
Hy het hulle gered!





IN MY BOKS

Ons moet besef dat wanneer ons God vertrou, Hy altyd 'n plan het om ons te beskerm en deur moeilike tye te help.

BYBEL BYT

Die see waardeur hulle geloop het, was die Rooisee, maar daardie gedeelte van die see was bekend as die Rietsee.


KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS

- Dink jy die see wat oopgegaan het was 'n groot wonderwerk gewees? Doen God steeds vandag wonderwerke?
- Hoe sou jy gevoel het, terwyl jy deur die see loop en al die seediere sien?









AKTIWITEIT

Elke kind kry 'n '*growing capsule*' see-dier.
Kom ons kyk watse dier kry elke kind, wat moontlik in die see was terwyl die Israeliete deurgeloop het!

Benodighede: Plastiek koppies, warm water, growing capsules pakkie en geduld!



God skei die See



Dink jy hulle was bly dat die Here hulle gered het? Teken vir hulle gesiggies om te wys hoe gelukkige hulle was.

LES #18

MANNA UIT DIE HEMEL



EKSODUS 16

Eksodus 16:4 Toe sê die Here vir Moses: "Kyk, Ek sal vir julle kos soos reën uit die hemel laat val. Die volk moet elke dag uitgaan en net genoeg vir daardie dag optel."

God voorsien vir Sy mense in die woestyn

Die Israeliete was vry uit Egipte, maar nou was hulle in 'n groot, leë woestyn en het hulle baie honger geword. Hulle het begin kla by Moses. Maar God het 'n plan gehad!
God het elke aand vir hulle kwartels (voëls) gestuur om te eet. En elke oggend, as hulle wakker word, was die grond vol klein, wit, soet vlokkies wat hulle Manna genoem het – soos brood uit die hemel!
God het gesê: "Tel elke dag net genoeg op vir daardie dag." Op Vrydag moes hulle dubbel optel, want Saterdag was 'n rusdag en daar sou niks wees nie. Deur hierdie reëls te volg, het die volk geleer om God elke dag te vertrou vir Sy liefde en sorg. God het altyd vir hulle voorsien!



KOM ONS DINK BUITE DIE BOKS

- Was jy al ooit régtig honger? Hoe het dit gevoel?
- Sê jy elke dag vir Jesus dankie vir die kos wat jy kry?
- Hoekom dink jy was dit belangrik dat die mense God se reëls moes volg?

BYBEL BYT

Die woord "Manna" beteken eintlik "Wat is dit?" in Hebreeus. Dit is wat die Israeliete uitgeroep het toe hulle die kos vir die eerste keer gesien het!

IN MY BOKS

Ons kan God elke dag vertrou om vir ons te sorg vir alles wat ons nodig het.


Hoeveel bakke manna is daar? ___
Hoeveel kwartels is daar? ___